

Sing vooraf staande: Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaans ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 89:11 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Skriflesing: Jesaja 64

Teks: Jesaja 64:1-12; Kategismus Sondag 9

Jesaja leer sy volk hier bid. In die vorige hoofstuk het hy die oordeel van God die Vader
oor sy volk sien kom.

- Die saak is baie donker vir die volk.
- Hy skryf in hoofstuk 63:10 dat die volk met hulle wederstrewigheid die Heilige Gees
bedroef het en daarom het God verander in 'n vyand vir hierdie volk.
- Hy sê dat die Here self ook teen die volk gaan stry.

Dis heeltemal verstaanbaar vir enige mens. Met hierdie woorde het hulle hulle eie dood
aangekondig gehoor, want niemand kan tog teen God standhou nie!

- Waar sal die uitkoms dan nou vandaan kom? Net van een plek af en dis van God
self af.
- Daarom lees ons in vers 1 van hoofstuk 64 dat Jesaja pleit dat die Here uit die
hemele moet neerdaal, en die berge skeur.

Hy gaan juis na God toe, omdat hy besef dat verlossing van Hom af moontlik is. Vers 5:

**U kom hom tegemoet wat met vreugde geregtigheid beoefen; hulle wat dink aan
U weë.** (Jesaja 64:5a AFR1953)

Hy eindig die vers met die hoop dat hulle tog van hulle sondes verlos sal word.

Verder doen die profeet in vers 6 belydenis van al die volk se sondes.

- Hulle het geen aanspraak op verlossing nie.
- Geen grond waarop hulle kan aanspraak maak vir hulle verlossing nie.

En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleet; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6 AFR1953)

Hy besef ook dat dit die rede is waarom die Here sy aangesig vir hulle verberg het.

Maar daar is hoop.

- Die profeet beroep hom op die innige verhouding wat daar is tussen die Here en die volk. Jesaja 63:16:

Want U is ons Vader! (Jesaja 63:16 AFR1953)

Daarom sê hy dat ons die klei is in die hande van die Here.

- Die Here formeer elkeen van ons na sy wil (vers 8).
- Ons hoop is nou daarop gegrond dat God ons Vader is, wat nog iets goeds van ons kan maak.

Paulus werk ook met die gedagte van die Pottebakker wat met klei werk.

- Die Heilige Gees laat Paulus dit so sien dat God uit die klei net kan maak wat Hy wil.
- Een voorwerp maak Hy tot eer en 'n ander voorwerp tot oneer. Ons bely iets soortgelyks in Sondag 9.

Ons bely dat ons bestemming in die raad van God vasgelê is.

- Ons bely dat ons oorsprong in die skepping van God is.
- Ons bely dat Hy ons voortbestaan waarborg deur die feit dat Hy ons onderhou.
- Ons bely dat sy regering ons bewaar, en dat ons hoop op die hiernamaals gegrond is in die trou van God.

Wat is die verhouding tussen ons en die raad van God? Die raad word in ons belydenis *ewige raad van God* genoem.

- Uit die Bybel kom ons agter dat deur sy ewige raad God alles onderhou en regeer.
- Die raad van God is die beplanning van God van alles wat gebeur het, wat gebeur en wat nog sal gebeur!
- Sover dit ons aangaan, lê die klem veral op die gedeelte van God se raad wat die toekoms betref.

Nou is dit so dat geen mens God se gedagtes kan peil nie.

- God se raad en besluite gaan ver bo ons begripsvermoë uit.
- God se besluite is vir ewig vas. Dis vry. Niemand kan God tot 'n besluit dwing nie.

In sy ewige raad het God 'n besluit geneem dat Jesus Christus tot verlossing van die uitverkorenes na die aarde toe sal kom.

- In Jesus Christus se verdienste staan die verlossing van die uitverkorenes dus vas.
- So gebeur dit dat God ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en Vader is, en dat ons op sterkte hiervan geen twyfel het omtrent ons saligheid nie.

Hierdie saak staan in die Bybel. Ons lees dit byvoorbeeld in Efesiërs 1:11.

- Daar staan dat God ons onder een Hoof, naamlik Christus, verenig het.
- Maar daar staan ook dat ons in die Here Jesus Christus 'n erfdeel ontvang het, nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil.

Dit word hier baie duidelik gestel dat God se besluit van ons verlossing in Christus al baie lankal vasstaan. Onbuigbaar en onveranderbaar.

Die raad van God oor ons geld vir alle tye en omstandighede.

- In Matteus 10:30 sê die Here Jesus Christus dat tot die hare van ons hoof getel is.
 - Hy bedoel dat daar geen enkele omstandigheid kan wees waaronder God se raad sy drakrag oor ons verloor nie.
 - Hy bedoel dat daar nie 'n punt kan kom waar God van besluit kan verander oor ons nie, of waar 'n ander mag ons uit die hand van God kan kom uitruk nie.

Die raad van God is 'n vasgestelde plan waarin alles 'n doel en 'n bestemming het.

- Daar is nie 'n willekeurige rondgeval in die beplanning van God nie.
- Die Here hou Hom by hierdie vasgestelde plan van Hom.

Ons onderskei egter verskillende maniere waarop God regeer kragtens sy raadsplan.

- Hy regeer eerstens oor alles. Plante en diere, die seisoene, reën en koue.
- Maar in hierdie wye opset heers God met meer besonderheid oor die mens.
 - Alle mense is geskape na die beeld van God en daarom is die genade en geneentheid van God oor alle mense meer as oor die ander dinge in die skepping.
- Onder die mense gaan die allerbesondere aandag van God oor die uitverkorenes.

Die uitverkorenes se versorging is die uiteindelijke doel van God se raad.

- Die raad van God loop aan die einde van die tyd uit op twee dinge:
 - Eerste dat die uitverkorenes in die hemel versamel word – dit is die oprigting van sy koninkryk
 - Tweede dat die bose neergewerp en vir ewig in die hel verseël word.

Aanvanklik het die hoogste eer van God toegekome uit die skepping. In die skepping het die mens die hoofaandeel aan hierdie verheerliking gehad.

Toe het die sondeval ons vervreem van God.

- Maar desondanks ons ongehoorsaamheid het die Here ons nie die doel van ons skepping ontsê nie.
- Ons bereik nog die doel van ons skepping, naamlik om God te verheerlik.
- Net nie ten volle in hierdie lewe nie, maar eers in die lewe hierna – deur die herskepping as gevolg van die verdienste van die Here Jesus Christus.

Dit beteken nou nie dat ons nie in hierdie lewe 'n verantwoordelikheid het nie.

- Ons is geskape met deug en met krag.
- Ons is mense met moed.
- Ons het geesdrif en kuns in ons.

Al hierdie dinge moet ons aanwend tot eer en tot verheerliking van God.

- Daarin ontvang ons van God ons bestemming.
- In ons beoefening van hierdie verantwoordelikhede, en met die genade van Christus, bereik ons hierdie bestemming.

Ons maak almal daaglik daarmee kennis dat God van sy eer beroof word.

- So leef ons in 'n tyd waarin ons baie hoor dat mense God as Skepper ontken.
- Die krag van God om oombliklik alles wat bestaan te kon skape, word geloën – daar is talle wetenskaplikes wat dit leer.
- Evolusie kom in die plek van God as skeppingskrag om alles te vorm tot wat dit nou is.

Ons wat glo, besef – selfs in ons navorsing – dat die skepping gedryf en beheer word deur 'n krag baie hoër as wat ons ooit kan begryp.

- Hierdie besef dwing ons om elke keer ons knieë voor God te buig omdat ons selfs in ons bestudering van die natuur en die skepping elke keer met die wysheid van God te doen kry.
- Ons kennis van die skepping beweeg ons tot aanbidding.

Ons sien in die hele bestuur en samestelling van die skepping die almag van God.

- Ons sien elke dag die regverdigheid van God.
- Ons sien elke oomblik sy wysheid en goedertierenheid.
- Juis dit gee ons die vertroue om te glo dat God in hierdie almag van Hom ook vir my voorsiening gemaak het.

Kom ons draai die saak om en bekyk dit van die ander kant af.

- As evolusie waar sou wees, en God nie sou bestaan nie, dan beteken dit dat daar geen doel vir ons bestaan is nie.
- Geen hoop nie.
- En dan is die dood doodeenvoudig die ophou van ons bestaan.

Daarom is dit beter om vas te hou aan wat ons sien en weet.

- Om vas te hou aan die almag van God.
- Om te hou by die bevele van die Here.
- Dit beteken dat God ons geskape het en ook die krag het om ons te herskep.
- Ons glo dat God die liefde het om ons sondes te vergewe en om ons in sy koninkryk te versamel.

Die Here hou alles in stand. Hierop rus ons vertroue.

- As ons ons liggaamlike en geestelike doel nie van God ontvang nie, verloor ons heeltemal die doel van ons lewe.
- Want van ons kant het ons selfs ons aanspraak op bestaan verbeur.

Daarom ervaar ons die geweldige blydskap en hoop wanneer God ons leer dat Hy ons onderhou en herskep sodat ons tot sy eer kan lewe.

- God het ons nie geskape om ons net sommer so weer te laat verderf nie.
- Die Here bewaar ons in Christus sodat ons tog die doel van ons skepping kan bereik.

Verder glo ons dat die Here ook regeer oor alle kwaad wat oor ons kom.

- Geen kwaad kan buite die wil van God om oor jou beskik word nie.
- Die Here laat die duiwel ook nie toe om jou bo jou kragte te versoek nie.
- *Calvyn het iewers geskryf dat die satan as't ware soos 'n bediende elke dag by God moet gaan toestemming vra om die mense te kan beproef en verlei. Hy kan absoluut niks doen sonder God se toestemming nie.*

Die kwaad word tot ons beswil beskik, sê die Kategismus.

- Dis omdat God dit so laat gebeur dat die kwaad wat oor ons kom, ons geloof versterk.
- 'n Gelowige kan altyd die krag van God sien wanneer hy 'n beproewing oorleef.
- Die genade staan dan baie duidelik afgeteken teen die verwoestende werk van die satan – daardeur groei ons geloof, in plaas van dat dit kwyn.

God het sy Seun laat sterf sodat ons vlek-vry voor Hom kan staan.

- Daarom vaar die Here Jesus Christus op met die belofte dat Hy na die huis van sy Vader toe gaan om plek voor te berei.
- Waarom sou Christus plek voorberei as daar geen mense na die plek toe kan gaan nie?

Hierop grond ons ons hoop en vertroue:

- God is almagtig en deur Jesus Christus is die beloftes op verlossing gegee.
- God sal dit nie tot niet laat gaan nie.

Maar nou bly ons staan met die verantwoordelikheid.

- Ons moet hierdie getrouheid van God self ook beoefen, want ons is mos beelddraers van God.
- Daarom moet ons getrouheid aan God en aan ons naaste bewys.
- Daarom moet ons die genade van God onthou – ons is klei wat gevorm is tot voorwerpe van heerlikheid.

Glo dan en ontvang en beleef hierdie heerlikheid in hierdie lewe reeds.

Kom ons lees wat staan van hierdie dinge geskryf in Kategismus Sondag 9:

Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?

Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4, 38, 39; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Ef 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:57; Ef 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28; (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 26 Februarie 2012